**Junior Kategese**
**20 September 2020**
**Eksodus 16: 2-15**

### Ysbreker (Hier en Nou)

- Vertel mekaar van 'n keer, sedert die begin van die jaar, toe jy ervaar het dat die Here vir jou of vir julle as gesin gesorg het.
- Dink jy wonderwerke gebeur nog? Sorg God regtig nog vir ons vandag?

### Wat sê die Bybel? (Daar en Dan)

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees **Psalm 105: 37-45** as 'n gebed
Dink na oor alles waarvoor jy die Here vandag wil prys.

### Inleiding aktiwiteit:

Bid dat jy Here se stem sal hoor in vandag se gesprek.
Onthou:

- God het en sal altyd vir ons sorg.
- God verstaan al ons behoeftes, aan honger en liefde.
- God se sorg is vir almal beskikbaar.

### Lees **die fokus teks:**

Nadat hulle Elim verlaat het, het die hele volk Israel in die Sinwoestyn aangekom wat tussen Elim en Sinai lê. Dit was op die vyftiende van die tweede maand nadat hulle uit Egipte getrek het.

[2]In die woestyn het die hele volk hulle teenoor Moses en Aäron begin verset [3]en gesê: "As ons maar liewer in Egipte omgekom het deur die hand van die Here terwyl ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos kon hê om te eet! Nou het julle ons laat wegtrek tot in hierdie woestyn om die hele volk van honger te laat omkom."
[4]Toe het die Here vir Moses gesê: "Let nou mooi op. Ek sal elke keer vir julle kos uit die hemel laat reën. Dan moet die volk elke dag gaan en dié dag se voorraad optel. So sal Ek toets of hulle my opdrag wil nakom of nie.

[5]As hulle op die sesde dag voorberei wat hulle ingebring het, moet dit dubbel soveel wees as wat hulle elke dag optel."
[6]Toe sê Moses en Aäron vir al die Israeliete: "Vanaand sal julle besef dat dit die Here is wat julle uit Egipte bevry het, [7]en môreoggend sal julle sien hoe magtig die Here is. Hy het gehoor dat julle julle teen Hóm verset. Dat julle julle teen óns verset, is niks nie."
[8]Verder het Moses gesê: "As die Here vanaand vir julle vleis gee en môreoggend oorgenoeg kos om te eet, sal julle besef Hy het julle verset teen Hom opgemerk. Dit was nie teen ons nie, maar teen die Here dat julle julle verset het."

[9]Moses het toe vir Aäron gesê: "Beveel die hele gemeente van Israel om voor die Here te kom staan, want Hy het hulle verset opgemerk."
[10]Nadat Aäron dit vir hulle gesê het, kyk die Israeliete na die woestyn se kant toe om, en toe word die magtige teenwoordigheid van die Here sigbaar in die wolk.
[11]Die Here sê toe vir Moses: [12]"Ek het die verset van die Israeliete opgemerk. Sê vir hulle: Teen skemeraand sal julle vleis eet en teen môreoggend sal julle oorgenoeg kos hê sodat julle kan besef dat Ek die Here julle God is."
[13]Teen die aand se kant het daar kwartels aangevlieg gekom en hulle het die hele kamp vol gesit.
Die volgende oggend was daar 'n wolk rondom die kamp, [14]en toe die wolk wegtrek, was die woestyn oortrek met fyn vlokkies soos ryp. [15]Toe die Israeliete dit sien, sê hulle vir mekaar: "Wat is dit dié?" want hulle het nie geweet wat dit is nie. Toe sê Moses vir hulle: "Dit is die brood wat die Here vir julle gee om te eet.

### Inligting vir die begeleier:

Eksodus vertel die verhaal van hoe God sy volk in Egipte uit onderdrukking bevry het, ongeveer 3250 jaar gelede. Selfs die magtige farao kon God nie teëgaan nie. God bevry egter nie net nie. God versorg ook, soms op verrassende maniere deur manna of water uit 'n klip. Na die bevrydingsgebeure sluit God 'n spesiale ooreenkoms met die mense wat Hy bevry het. Voortaan moet hulle sy volk wees en volgens sy wil optree. Vir hierdie doel gee Hy sy wet vir hulle, die tien gebooie. Die wet is die teken van die verbond of ooreenkoms wat God met sy volk gesluit het. As hulle volgens die wet optree, sal almal kan sien wie hulle God is. God belowe om hulle nooit alleen te laat nie. Sy blywende en voortgesette teenwoordigheid by sy volk word deur die inrigting van die tabernakel of die "tent van ontmoeting" gesimboliseer. Eks. 15 vertel van die wonderbaarlike deurtog deur die Rietsee en die volk besing God se lof en eer wat hulle van die agtervolgende Egiptenare gered het. By Mara is die water bitter en die Israeliete kon dit nie drink nie, maar by Elim was daar 'n oorvloed water. Wat eet hulle?

### Gesels dan hieroor:

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

**Op grond van vanoggend se tema en die bogenoemde 3 punte:**

Vra vir die kinders: "Vir wie het God nog 'n kans gegee hierdie week?"

In die Ou Testament (Eksodus 16) het God vir ons kom wys dat Hy na sy volk sal omsien. Die Israeliete was lank in die woestyn waar hulle nie kos gehad het nie. Moses het namens die volk vir God gevra om na hulle behoeftes om te sien. Toe het God vir hulle manna uit die Hemel (brood) laat val. **Daar was meer as genoeg vir almal.**

Soos in die Ou Testament het God weereens na die mense in die Nuwe Testament (Lukas 9:10-17) se behoeftes omgesien. Jesus was besig om vir baie mense van God te leer. Hy het besef dit was laat en die mense wou nie huistoe gaan nie omdat hulle honger was om meer van God te hoor. Hulle was egter ook honger vir kos. Jesus het van 'n jong seun 2 vissies en 5 brode ontvang. Dit was immers nie genoeg vir almal nie, maar Jesus het geweet dat God wonderwerke kan doen. Die brode en visse is uitgedeel totdat almal daarvan gekry het. **Daar was meer as genoeg vir almal.**

Net soos in die Ou en Nuwe Testament voorsien God vir ons vandag. Ons het 'n gebruik in ons kerke waar ons Nagmaal gebruik. Die brood wat ons eet tydens nagmaal stel Jesus se liggaam, wat aan die kruis gehang het, voor. Die wyn (of druiwesap) wat ons drink, stel die bloed van Jesus wat gevloei het vir ons sonde, voor. Hierdie gebruik herinner ons dat Jesus vir ons genoeg is. Hy voorsien in ons alledaagse, emosionele en geestelike behoeftes. **JESUS IS MEER AS GENOEG VIR ALMAL.**

**Hier:**

- ✓ Dink julle die Israeliete het rede gehad om te kla? Kla mens nie oor die algemeen te maklik nie?
  - Wat is God se reaksie op hulle klagtes? Wat sê dit vir ons van God?

**Nou:**

- ✓ Kyk weer na die verhaal. Hoekom het God vir hulle hierdie reëls oor die optel van manna gegee?
  - Waarom dink jy het God net vir hulle vir een dag op 'n slag voorsien? (Behalwe op die Sabbat...
  - Hoekom dink julle het Hy dit so gedoen?
- ✓ As sekere goed skaars begin raak, kom daar dikwels 'n dierlike kant in mense uit. Kyk bv. na hierdie 'feeding frenzy' oor 'n moontlike toiletpapier-skaarste in Australië https://youtu.be/df6K9qMr67w tydens die COVID-pandemie.
  - Hoekom dink jy gebeur dit? Waarom reageer mense so?
  - Wat het jy in hierdie tyd in jou omgewing waargeneem?
  - Watter nood/tekorte het jy opgemerk?

**Voor:**

- ✓ Iemand het gesê: "*I found God's address. It's at the end of my rope!"* Wat beteken die uitdrukking 'I'm at the end of my rope"? Het jy al ooit so gevoel? Wanneer? Hoekom voel ons soms so? Hoekom sal ons God juis dáár aantref?
- ✓ Dink gou weer oor die ysbreker-vrae: Hoe sorg God vandag nog vir ons? Waar is ons manna?

**Verder:**

- ✓ Kry 'n deurskynende glas- of plastiek houer en plaas dit iewers in jou huis waar jy dit baie sal sien. Gooi iets soos 'n klippie of 'n albaster daarin, elke keer wanneer jy God se sorg beleef. Elke keer as jy dit sien, moet jy van God se goedheid onthou – selfs wanneer jy deur moeilike tye gaan. Gebruik dit as 'n manier om vir jou vriende van God se goedheid en getrouheid te vertel.

**Gebed:**

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Dankie Heer dat U elke dag vir my sorg. Dankie dat U dit tot doen wanneer ek nie daarvoor vra nie of daarvoor dankie sê nie. Amen.